



# WIT VAKANSIE- TRUIE





# WIT VAKANSIE- TRUIE

## MEEUMOTIEWE

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 300 g Frolic DK (50-g-bolle); breinaalde van 4,50 mm en 5 mm.

**MATE:** Om kind van ongeveer 6 jaar te pas.

**SPANNING:** 16 ste en 22 rye = 10 x 10 cm oor ks met 5-mm-Ne.

**AFKORTINGS:** r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); gs – glijpsteek; N(e) – naald(e); ks – koussteek; rif – riffelsteek, r1, aw1; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; herh – herhaal; beg – begin; tes – tesame; alt – alternatiewe; pat – patroon; RK(VK) – regte (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; grtgs – glijp 1 st, r 1, trek gs oor.

**Let wel:** Die truitjie word in koussteek met ingebreide vlieënde meeumotiewe gebrei, maar na voltooiing word die aw-kant buite gedra, om die motief ten beste te vertoon.

**PATROONSTEEK: 1e-8e Ry:** Deurgaans ks.

**9e ry:** R12, (r2tes, m1, k1, m1, grtgs, k14) 3 keer, r1.

**10e en alle ewe rye:** Deurgaans aw.

**11e ry:** R11, (r2tes, m1, r3, m1, grtgs, r9) 3 keer, r2.

**13e ry:** R10, (r2tes, m1, r5, m1, grtgs, r7) 3 keer, r3.

**14e-26e ry:** Deurgaans ks.

**27e ry:** R20, (r2tes, m1, r1, m1, grtgs, r11) 2 keer, r9.

**29e ry:** R19, (r2tes, m1, r3, m1, grtgs, r9) 2 keer, r10.

**31e ry:** R18, (r2tes, m1, r5, m1, grtgs, r7) 2 keer, r11.

**AGTERPANT:** Gebruik 4,50-mm-Ne en stel 50 ste op; brei 4 cm 1/1-rif.

Vermeer 11 ste eweredig gespaseer oor laaste rif-ry – 61 ste.

Slaan oor na 5-mm-Ne en brei ks met ingebreide V-motief soos uiteengesit tot 44e ry voltooi is.

**45e en daaropvolgende rye:** Begin weer by 9e ry en brei tot die V-motief 4 keer in lengte herhaal is.

**Halsvorming:** R25, heg 11 ste af en brei voort op laaste 25 ste.

Vermin aan halsrand 3 ste, brei 1 ry en vermin nog 3 ste; brei 1 ry en heg oorbl 19 ste af.

Brei tweede skouer met omgekeerde vorming.

**VOORPANT:** Soos agterpant tot 8 rye na die derde V-motief voltooi is.

**Halsvorming:** Heg middelste 13 ste af en vermin aan halsrand 1 st, elke 2e ry, 5 keer altesaam – 19 ste bly oor.

Brei reguit tot voorpant so lank soos agterpant tot skouer is en heg af. Brei tweede skouer met omgekeerde vorming.

**MOUE (2):** Gebruik 4,50-mm-Ne en stel 30 ste op.

Brei 4,5 cm 1/1-rif en vermeer 3 ste eweredig gespaseer oor laaste rif-ry.

Slaan oor na 5-mm-Ne en ks met ingebreide motief, brei dus die eerste 8 rye ks maar vermeer 1 st aan weersk van 6e ry.

**9e ry:** R15, brei soos van \* tot \* soos uiteengesit vir sier-pat, r11; brei soos van \* tot \* van sier-pat, r15.

Brei voort in patroon maar vermeer 1 st aan weersk van elke 6e ry tot 6 vermeer gemaak is.

Brei in 27e ry: 1 rand-st, r9, brei soos van \* tot \* van sier-pat, r11, brei soos van \* tot \* van sier-pat, r9, 1 rand-st.

Brei tot 2e V-motief voltooi is, brei dan nog 8 rye en heg alle 45 ste af.

**AFWERKING:** Met aw-kant as-RK, werk 1 skouernaat toe.

Gebruik 4,50-mm-Ne en tel genoeg ste vir halsboordjie uit halsrand op, brei 2,5 cm 1/1-rif. Heg af.

Werk tweede skouernaat en halsstrooknaat aaneen toe.

Werk sy- en mounate toe en werk moue vas.

## KABELS EN GAATJIES

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 500 g Frolic DK (50-g-bolle); breinaalde van 4,50 mm en 5 mm; hekelpen van 4 mm.

**MATE:** Om kind van ongeveer 9 jaar oud te pas.

**SPANNING:** 20 ste en 22 rye = 10 x 10 cm oor pat-st met 5-mm-Ne.

**AFKORTINGS:** r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); ks – koussteek; rif – riffelsteek; gdr-rif – gedraaide riffelsteek, r1ad1, aw1; m1 – maak 1 st; gl – glijp; tes – tesame; beg

– begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; RK(VK) – regte (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; 3-in-1 – brei (r1, aw1, r1) in dieselfde steek; grn – gare rondom naald; awg – aweregsge-wys; gv – gare voor; ga – gare agter.

**Buisvormige opstelmetode: Opstelry:** Gebruik kontrasgare en stel die helfte van benodigde ste plus 1 st op.

**1e ry:** Met gare wat vir kledingstuk gebruik gaan word, brei: R1, \*grn, k1; herh van \* tot einde.

**2e ry:** R1, \*gv, gl 1 st awg, ga, r1; herh van \* tot \* tot einde.

**3e ry:** Gl1awg, \*ga, r1, gv, gl1awg; herh van \* tot einde.

Herh 2e en 3e ry een keer.

Slaan oor na rif soos aangedui vir betrokke patroon.

**PATROONSTEEK: 1e ry:** Aw2, m1, aw3tes, m1, (aw4, m1, aw3tes, m1) 11 keer, aw2.

**2e ry:** R2, aw3, (r4, aw3) 11 keer, r2.

**3e ry:** Aw2, r1, 3-in-1, r1, (aw4, 3-in-1; r1) 11 keer, aw 2.

**4e ry:** R2, aw5, (r4, aw5) 11 keer, r2.

**5e ry:** Aw2, r2tesadl, r1, r2tes, (aw4, r2tesadl, r1, aw2tes) 11 keer, aw2.

**6e ry:** Soos 2e ry.

Dié 6 rye vorm patroon.

**AGTERPANT:** Gebruik 4,50-mm-Ne en stel 60 ste buisvormig op.

Slaan oor na gdr-rif en brei 12 rye.

Slaan oor na 5-mm-Ne en vermeer in 1e RK-ry 24 ste soos volg: Aw2, 3-in-1, (aw4, 3-in-1) 11 keer, aw2 – 84 ste.

**Vlg ry:** Brei ste soos hulle voorkom.

**Vlg ry:** Slaan oor na pat-st; beg by 1e pat-ry en brei tot werk 44 cm lank is vanaf beg. Heg af.

**VOORPANT:** Soos agterpant tot werk 38 cm lank is vanaf beg.

**Hals- en skouervorming:** Brei 29 ste, heg vlg 26 ste af, brei voort op laaste 29 ste. Heg aan halsrand in alt rye ste af soos volg: 2 ste een keer, 1 st 2 keer – 25 ste bly oor. Brei tot mousgat so lank soos dié van agterpant is en heg af. Brei tweede skouer op dieselfde manier, maar met omgekeerde vorming.

**MOUE (2):** Gebruik 4,50-mm-Ne en stel 30 ste buisvormig op.

Slaan oor na gdr-rif en brei 12 rye.

Slaan oor na 5-mm-Ne en vermeer soos volg: Aw2, 3-in-1, (aw4, 3-in-1) 5 keer, aw 2 – 42 ste.

**Vlg ry:** Brei ste soos hulle voorkom.

Slaan oor na pat-st en brei tot werk 32 cm lank is maar vermeer 1 st aan weersk van elke 3e ry, 20 keer altesaam – 82 ste.

**Vlg ry:** Heg af.

**AFWERKING:** Werk skouernate toe. Hekel 2 rye kb om halrand. Werk sy- en mounate toe. Werk moue vas.

